



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 10

NOVEMBER 2018

GEOGRAFIE V1

PUNTE: 225

TYD: 3 uur



Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye en 'n addendum van 12 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING


1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER vrae.
2. Beantwoord ENIGE DRIE vrae van 75 punte elk.
3. Alle diagramme is in die ADDENDUM ingesluit.
4. Los 'n lyn oop tussen onderafdelings van vrae wat beantwoord word.
5. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel in hierdie vraestel.
7. Nommer die antwoorde in die middel van die lyn.
8. Moenie in die kantlyn van die ANTWOORDEBOEK skryf nie.
9. Teken volledige diagramme waar daar gevra word om dit te doen.
10. Beantwoord in VOLSINNE, behalwe waar jy moet noem, identifiseer of lys.
11. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: DIE ATMOSFEER EN GEOMORFOLOGIE

Beantwoord ten minste EEN vraag uit hierdie afdeling. As jy EEN vraag in AFDELING A beantwoord, MOET jy TWEE vrae in AFDELING B beantwoord.

VRAAG 1

- 1.1 Bestudeer die volgende weerstasiemodel van Butterworth, FIGUUR 1.1 en beantwoord die onderstaande vrae.



FIGUUR 1.1

Gebruik die weerstasiemodel om die aanbiedingsteks vir die program vir televisieweer-aanbieders te skryf. In jou teks noem die volgende weer-eienskappe:

- 1.1.1 Doupunttemperatuur
- 1.1.2 Lugtemperatuur
- 1.1.3 Wolkdekking
- 1.1.4 Windrigting
- 1.1.5 Windspoed in knope
- 1.1.6 Neerslag
- 1.1.7 Is die temperatuur versadig of onversadig met waterdamp?

(7 x 1) (7)

- 1.2 Pas die terme in KOLOM B by die beskrywings in KOLOM A. Skryf slegs die korrekte letter (A–I) langs die ooreenstemmende vraagnommer (1.2.1–1.2.8) in jou ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.8 K.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Die studie van die Aarde se fisiese kenmerke en die prosesse wat hulle gevorm het	A	Sedimente
1.2.2	Groot krake wat ontstaan as gevolg van deurlopende spanning en drukkragte	B	Kors
1.2.3	Soliede buitenste laag van die Aarde, 5–70 km dik	C	Fossiel
1.2.4	Stukke rots, klei en ander stowwe uit geërodeerde rotse wat op die bodem van 'n meer of see ophoop	D	Geomorfologie
1.2.5	Die oorblyfsels van dooie plante of diere wat in rots bewaar is	E	Verskuiwing
1.2.6	'n Buiging van rotse in plooië as gevolg van sterk kompressiekragte van binne	F	Mantel
1.2.7	Die laag gesmelte materiaal rondom die Aarde se kern	G	Kwartsiet
1.2.8	'n Metamorfiese gesteente wat uit sandsteen gevorm word, wat veral bestand teen erosie is	H	Plooiing
		I	Batoliet

(8 x 1) (8)

- 1.3 Verwys na FIGUUR 1.3 wat osoon-uitputting aantoon.
- 1.3.1 Definieer die term *osoon-uitputting*. (1 x 1) (1)
 - 1.3.2 In watter laag van die atmosfeer is osoon gekonsentreerd? (1 x 1) (1)
 - 1.3.3 Waarvoor staan die akroniem CFC? (1 x 1) (1)
 - 1.3.4 Identifiseer DRIE oorsake van osoon-uitputting in FIGUUR 1.3. (3 x 1) (3)
 - 1.3.5 Beskryf EEN manier hoe die uitputting van die osoonlaag mense sal affekteer. (1 x 2) (2)
 - 1.3.6 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, bespreek volhoubare strategieë (maniere) om osoon-uitputting te verminder. (4 x 2) (8)
- 1.4 Verwys na FIGUUR 1.4, wat 'n wolktipe illustreer.
- 1.4.1 Benoem **A** en **B** op die diagram as onderskeidelik warm lug en koue lug. (2 x 1) (2)
 - 1.4.1 Identifiseer die tipe wolk in FIGUUR 1.4. (1 x 1) (1)
 - 1.4.3 (a) Word hierdie wolktipe met *sneeu* of *weerlig* geassosieer? (1 x 1) (1)
 - (b) Regverdig jou antwoord in VRAAG 1.4.3(a) deur TWEE redes te verskaf. (2 x 2) (4)
 - 1.4.4 Donderstorm is 'n ander vorm van neerslag. Bespreek EEN positiewe en TWEE negatiewe impakte van donderstorms op mense en die omgewing. (3 x 2) (6)
- 1.5 Lees die uittreksel oor aardbewings in FIGUUR 1.5, noukeurig deur.
- 1.5.1 Verskaf 'n geomorfologiese term vir die volgende:
 - (a) Die vibrasie in die aardkors as gevolg van skielike bewegings van die kors langs 'n verskuiwing.
 - (b) Die punt op die aardoppervlakte onmiddellik bo die fokus van 'n aardbewing. (2 x 1) (2)
 - 1.5.2 Gee die grootte van hierdie aardbewing en die aantal mense wat gesterf het. (2 x 1) (2)
 - 1.5.3 Watter instrument word gebruik om die grootte van 'n aardbewing te meet? (1 x 1) (1)
 - 1.5.4 Verduidelik waarom die meeste aardbewings langs plaatgrense voorkom. (1 x 2) (2)

1.5.5 Beskryf kortliks die negatiewe resultate of skade wat deur die aardbewing in Kashmir, veroorsaak is. (2 x 2) (4)

1.5.6 Bespreek waarom minder ontwikkelde lande nie in staat is om aardbewings te hanteer as meer ontwikkelde lande nie. (2 x 2) (4)

1.6 Verwys na FIGUUR 1.6 wat die struktuur van die aarde aantoon.

1.6.1 Noem die lae wat **X**, **Y** en **Z** genoem is. (3 x 1) (3)

1.6.2 Kopieer die tabel hieronder en vul die volgende dikte in vir elke laag om dit te voltooi. 1 200 km, 5 tot 90 km en 1 200 km.

LAAG	DIKTE
X	
Y	
Z	

(3 x 1) (3)

1.6.3 Is daar 'n vermindering of vermeerdering van temperatuur soos jy vanaf laag **Y** na laag **Z** beweeg? (1 x 1) (1)

1.6.4 Laag **Z** bestaan uit TWEE lae. Noem hierdie TWEE lae. (2 x 1) (2)

1.6.5 Verduidelik hoe laag **X** vulkaniese aktiwiteit tot gevolg het. (1 x 2) (2)

1.6.6 Beskryf TWEE maniere waarop die laag gemerk **Z** belangrik vir die mens is. (2 x 2) (4)

[75]

VRAAG 2

2.1 Verskeie opsies word as antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 2.1.9 D.

2.1.1 Watter van die volgende is nie 'n kweekhuisgas nie?

- A Metaan
- B CFK
- C Koolstofdioksied
- D Suurstof

2.1.2 Inkomende son-radiasie word, ... genoem.

- A konveksie
- B insolasie
- C refleksie
- D geleiding

2.1.3 Die warm seestroom wat langs die ooskus van Suid-Afrika aangetref word, is die ... -seestroom.

- A Indiese
- B Benguela
- C Mosambiek
- D Kuroshio

2.1.4 Wolke van groot vertikale uitbreiding is ... -wolke.

- A cumulo-stratus
- B cumulo-nimbus
- C cirrus
- D strato-cumulus

2.1.5 Lyne wat plekke met dieselfde druk verbind.

- A Isoterme
- B Isobare
- C Lengtelyne
- D Breedtelyne

2.1.6 Die lag in die atmosfeer waar daar 'n inversie van temperatuur verhoging voorkom, is die ...

- A troposfeer en termosfeer.
- B mesosfeer en stratosfeer.
- C stratosfeer en termosfeer.
- D troposfeer en mesosfeer.

2.1.7 Konveksiereën is die tipe reënval wat oor die algemeen in die ... provinsie, in die somer voorkom.

- A Vrystaat
- B Wes-Kaap
- C Oos-Kaap
- D Gauteng

2.1.8 Waterstof is vog in die atmosfeer, is sy ... vorm (toestand).

- A vloeibare
- B gas
- C soliede
- D kondensasie

(8 x 1) (8)

2.2 Verwys na FIGUUR 2.2 wat verskeie stollingsintrusies aantoon.

2.2.1 Noem die stollingsintrusies wat deur die letters **A**, **B**, **C** en **D** as 'n gang, plaat, batoliet en lakkoliet aangetoon word. (4)

2.2.2 Noem die proses wat verantwoordelik is vir die blootstelling van intrusiewe stollingsverskynsels op die aardoppervlakte. (1)

2.2.3 Watter letter stel 'n vulkaniese pyp voor? (1)

2.2.4 Noem EEN intrusiewe stollingsverskynsel wat met graniet geassosieer word. (1)

2.3 Verwys na FIGUUR 2.3 wat 'n reënvaltype illustreer.

2.3.1 Is die reënval wat deur FIGUUR 2.3 voorgestel word, konveksie reënval of frontale reënval? (1 x 1) (1)

2.3.2 Verskaf die naam van die grens tussen warm lug en koue lug. (1 x 1) (1)

2.3.3 Identifiseer warm lug en koue lug in FIGUUR 2.3 as dalende of stygende lug onderskeidelik. (2 x 1) (2)

- 2.3.4 (a) Sal wolke by **X** of **Y** heelwaarskynlik vorm? (1 x 1) (1)
- (b) Regverdig jou antwoord in VRAAG 2.3.4 (a) deur EEN bewys te verskaf. (1 x 2) (2)
- 2.3.5 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, bespreek die positiewe en negatiewe impak van die reënvaltype genoem in VRAAG 2.3.1 in die Wes-Kaap provinsie. (4 x 2) (8)
- 2.4 Lees die gevallestudie in FIGUUR 2.4 noukeurig deur, wat handel oor die droogte in Ethiopië as gevolg van klimaatsverandering.
- 2.4.1 Definieer die term *droogte*. (1 x 1) (1)
- 2.4.2 Noem TWEE menslike oorsake van droogtes uit die gevallestudie. (2 x 1) (2)
- 2.4.3 Verskaf TWEE gevolge van die droogte op die mense van Ethiopië. (2 x 2) (4)
- 2.4.4 Droogte is 'n bedreiging vir die omgewing. Bespreek TWEE bewyse uit die gevallestudie om hierdie stelling te ondersteun. (2 x 2) (4)
- 2.4.5 Beskryf TWEE volhoubare strategieë wat in plek gestel kan word om droogte te bestuur. (2 x 2) (4)
- 2.5 Bestudeer die uittreksel in FIGUUR 2.5 oor 'n tsoenami.
- 2.5.1 Onderskei tussen 'n *tsoenami* en 'n *aardbewing*. (2 x 1) (2)
- 2.5.2 Noem TWEE lande, buiten Suid-Afrika, wat deur hierdie tsoenami geraak is. (2 x 1) (2)
- 2.5.3 Gee die totale getal mense wat in Suid-Afrika gesterf het. (1 x 1) (1)
- 2.5.4 Verduidelik hoekom Suid-Afrika minder sterftes gehad het in vergelyking met ander lande wat deur hierdie tsoenami geraak is. (1 x 2) (2)
- 2.5.5 Bespreek die belangrikste gevare (bedreigings) vir die oorlewendes van die tsoenami in Sumatra. (2 x 2) (4)
- 2.5.6 Stel TWEE metodes voor wat in hierdie lande gebruik kan word om die impak van 'n tsoenami te verminder. (2 x 2) (4)

- 2.6 Verwys na FIGUUR 2.6, wat Laurasië en Gondwanaland 200 miljoen jaar gelede illustreer.
- 2.6.1 Al die vastelande en aangrensende watermassas word in tektoniese plate verdeel. Wat is 'n *plaattektoniek*? (1 x 1) (1)
- 2.6.2 Watter teorie word in FIGUUR 2.6 geïllustreer? (1 x 1) (1)
- 2.6.3 Watter vasteland in Gondwanaland is deel van beide die suidelike en noordelike halfmond? (1 x 1) (1)
- 2.6.4 (a) Noem TWEE kontinente wat Laurasië gevorm het. (2 x 1) (2)
- (b) Noem DRIE kontinente wat Gondwanaland gevorm het. (3 x 1) (3)
- 2.6.5 Wat was die naam van die enkele vasteland wat voor Laurasië en Gondwanaland bestaan het? (1 x 1) (1)
- 2.6.6 Verskaf DRIE bewyse wat daarop dui dat kontinente voorheen almal 'n enkele landmassa was. (3 x 2) (6)
- [75]**

AFDELING B: BEVOLKING EN WATERHULPBRONNE

Beantwoord ten minste EEN vraag uit hierdie afdeling. As jy EEN vraag in AFDELING B beantwoord, MOET jy TWEE vrae in AFDELING A beantwoord.

VRAAG 3

3.1 Kies die korrekte woord(e) tussen hakies om die stelling waar te maak. Skryf SLEGS die woord(e) langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.7) in jou ANTWOORDEBOEK neer.

3.1.1 (Waterverspreiding / Reënvalverspreiding) is die verspreiding van reënval oor 'n gebied.

3.1.2 Die proses waar vloeistof in ys verander, is (vries / smelt).

3.1.3 (Ontsoouting / Sublimasie) is die proses om soutwater na vars water te verander.

3.1.4 Die proses van wateropname deur plante, die oordrag van die water deur die plant en vrystelling na die atmosfeer is (transpirasie / verdamping).

3.1.5 (Infiltrasie / Afloop) is die proses waar water in die grond insypel.

3.1.6 Die meeste neerslag gebeur oor die (riviere / oseane).

3.1.7 (Mariene-besoedeling / Grondbesoedeling) is die besoedeling van die oseane. (7 x 1) (7)

3.2 Pas die term / konsep in KOLOM A by die korrekte toepaslike beskrywings in KOLOM B. Skryf slegs die korrekte letter (A–I) langs die ooreenstemmende nommer in jou ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 3.2.9 K.

KOLOM A		KOLOM B	
3.2.1	Geboortekoers	A	Die manier waarop mense oor 'n gebied versprei word
3.2.2	Bevolkingsdigtheid	B	Die aantal sterftes per 1 000 van die bevolking per jaar
3.2.3	Sterftekoers	C	Aantal kinders wat sterf voordat hulle ouderdom 5 bereik
3.2.4	Lewensverwagting	D	Die aantal babas gebore per 1 000 van die bevolking per jaar
3.2.5	Kindersterftesyfer	E	Die aantal mense per vierkante km
3.2.6	Groeikoers	F	'n Persoon wat na 'n vreemde land beweeg
3.2.7	Bevolkingsverspreiding	G	Bereken deur die verskil tussen geboortesyfer en sterftesyfer te bepaal
3.2.8	Vrugbaarheidskoers	H	Gemiddelde aantal jare wat 'n mens kan verwag om te lewe
		I	Gemiddelde aantal kinders per vrou

(8 x 1) (8)

- 3.3 Bestudeer die artikel in FIGUUR 3.3 oor die bevolking van Suid-Afrika.
- 3.3.1 Definieer die term *bevolking*. (1 x 1) (1)
- 3.3.2 Wat was Suid-Afrika se bevolking in 2001 en 2015 onderskeidelik? (2 x 1) (2)
- 3.3.3 Noem die provinsie met die laagste bevolking en die aantal mense wat in hierdie provinsie woon. (2 x 1) (2)
- 3.3.4 Lewer kommentaar op die neiging van 2001 tot 2016 in die artikel aangaande die bevolking van Suid-Afrika. (1 x 2) (2)
- 3.3.5 Bespreek TWEE negatiewe impakte wat die verhoogde bevolkingsgroei op natuurlike hulpbronne van die land getoon het. (2 x 2) (4)
- 3.3.6 Stel enige TWEE strategieë voor wat ingestel kan word om bevolkingsgroei in Suid-Afrika te bestuur. (2 x 2) (4)
- 3.4 Verwys na FIGUUR 3.4 wat die MIV/Vigs infeksiekoers per provinsie illustreer.
- 3.4.1 Skryf die akroniem Vigs volledig uit. (1 x 1) (1)
- 3.4.2 Noem TWEE simptome wat ervaar kan word deur mense wat MIV/Vigs opgedoen het. (2 x 1) (2)
- 3.4.3 Lys provinsies met die hoogste en laagste infeksiekoers onderskeidelik. (2 x 1) (2)
- 3.4.4 Suid-Afrika is een van die lande met die hoogste MIV/Vigs infeksiekoers. Verduidelik EEN faktor wat tot hoë infeksiekoers in 'n land soos Suid-Afrika bydra. (1 x 2) (2)
- 3.4.5 Stel TWEE maniere voor waarop MIV van een persoon na 'n ander oorgedra word. (2 x 2) (4)
- 3.4.6 Stel die beste strategieë voor om die vernedering (skaamte) te verminder wat mense met MIV/Vigs ervaar. (2 x 2) (4)
- 3.5 Bestudeer FIGUUR 3.5 noukeurig, wat inter-bekkenverplasing van water illustreer.
- 3.5.1 Verduidelik wat met *waterverplasing* bedoel word. (1 x 1) (1)
- 3.5.2 Noem EEN munisipaliteit en die provinsie wat by hierdie waterverplasing baat. (2 x 1) (2)
- 3.5.3 Gee TWEE aktiwiteite waarvoor water in hierdie munisipaliteite gebruik word. (2 x 1) (2)

- 3.5.4 Verduidelik hoe water vanaf die Groot Vis-rivierkom na die Sondags rivierkom oorgedra word. (2 x 2) (4)
- 3.5.5 Daar is 'n toename in vraag na water in Suid-Afrika, maar die verskaffing van bruikbare water neem af. Bespreek DRIE menslike en fisiese faktore wat die beskikbaarheid van water in Suid-Afrika beïnvloed. (3 x 2) (6)
- 3.6 Verwys na FIGUUR 3.6 en beantwoord die vrae wat volg.
- 3.6.1 Gee die geskikte term wat elektrisiteit wat uit water gegenereer word, beskryf. (1 x 1) (1)
- 3.6.2 Is water 'n hernubare of nie-hernubare hulpbron? (1 x 1) (1)
- 3.6.3 Waarvoor word water in FIGUUR 3.6 gebruik? (1 x 1) (1)
- 3.6.4 Verskaf TWEE ander voorbeelde van hoe landelike gemeenskappe hul waterhulpbronne gebruik, uitgesonderd die een wat in FIGUUR 3.6 geïllustreer word. (2 x 1) (2)
- 3.6.5 Verduidelik kortliks hoe grondwater tot die beskikbaarheid van water in Suid-Afrika bydra. (1 x 2) (2)
- 3.6.6 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, stel voor hoe individue volhoubaar water in die huis, in die tuin en in die gemeenskap, kan bespaar. (4 x 2) (8)
- [75]**

VRAAG 4

- 4.1 Kies die korrekte antwoord uit die lys hieronder wat met die stellings (4.1.1–4.1.7) ooreenstem. Skryf slegs die korrekte woord langs elke vraagnommer neer. byvoorbeeld 4.1.8 piramide.

Immigrasie; emigrasie; vrywillige migrasie; stootfaktor; trekfaktor, vlugteling; xenofobie

4.1.1 Dit moedig mense aan om uit 'n van spesifieke gebied te beweeg.

4.1.2 Die vrywillige beweging van mense vanaf een plek na 'n ander.

4.1.3 Wanneer mense na 'n nuwe land beweeg.

4.1.4 Mense verlaat hul huise en vlug na 'n ander land uit vrees vir hul lewens.

4.1.5 Onredelike vrees, wantroue en haat teenoor buitelanders.

4.1.6 Wanneer mense uit 'n land beweeg.

4.1.7 Dit lok mense na 'n gebied. (7 x 1) (7)

- 4.2 Beskryf die hidrologiese siklus deur die korrekte woord(e) tussen hakies in die volgende paragraaf te kies. Skryf die vraagnommer (4.2.1–4.2.8) en die korrekte woord langsaan.

Die meeste water verdamp uit 4.2.1 (oseane / riviere) om vogtige lug te vorm. Vogtige lug word landwaarts gedruk, vanaf 'n 4.2.2 (hoë druk / lae druk) oor die see na 'n 4.2.3 (hoë druk / lae druk) oor die land. Wanneer die 4.2.4 (droë / klam) lug opwaarts gedwing word, kondenseer dit en 4.2.5 (wolke / afloop) sal vorm. 4.2.6 (Neerslag / Perkolasie) vind plaas en die water beland op die aardoppervlak. Water dreineer in riviere en dit word 4.2.7 (oppervlakaflow / basisvloei) genoem. Soos die water infiltreer, sal die watertafel 4.2.8 (styg / daal). (8 x 1) (8)

- 4.3 Lees die gevallestudie in FIGUUR 4.3 noukeurig voordat jy die vrae wat volg beantwoord.
- 4.3.1 Gee die geografiese term wat die beweging van die Tsitsa-familie, van die een plek na die ander, die beste beskryf. (1 x 1) (1)
- 4.3.2 Kies die korrekte woord in verhouding tot die Tsitsa-familie se hervestiging van Suid-Afrika na Engeland.
- (a) Streek / Internasionaal
- (b) Vrywillige / Gedwonge
- (c) Permanent / Tydelik (3 x 1) (3)
- 4.3.3 Verduidelik waarom die Tsitsa-familie uit Suid-Afrika verhuis het. (1 x 1) (1)
- 4.3.4 Bespreek TWEE trekfaktore wat die Tsitsa-familie na Engeland aangetrek het. (2 x 2) (4)
- 4.3.5 Stel DRIE negatiewe impakte voor op die Tsitsa's se plek van herkoms (Suid-Afrika) as gevolg van vrywillige migrasie. (3 x 2) (6)
- 4.4 Lees die gevallestudie in FIGUUR 4.4 noukeurig deur voor jy die vrae wat volg, beantwoord.
- 4.4.1 Definieer die *demografiese oorgangsmodel*. (1 x 1) (1)
- 4.4.2 Identifiseer die stadium waar die geboortesifer hoog is en sterftesyfers vinnig daal. (1 x 1) (1)
- 4.4.3 Dui die stadium aan waar beide die sterftesyfer en geboortesifer laag is. (1 x 1) (1)
- 4.4.4 Vergelyk die vlak van geboortesifer en vlak van sterftesyfer in stadium 1. (1 x 2) (2)
- 4.4.5 In stadium 2 begin die sterftesyfer vinnig daal. Stel TWEE redes voor om te motiveer waarom dit die geval is. (2 x 2) (4)
- 4.4.6 In stadium 3 begin die geboortesifervlakke te normaliseer namate die bevolkingsgroeikoers daal. Bespreek DRIE faktore wat geboortesiferyers beïnvloed. (3 x 2) (6)

- 4.5 Bestudeer FIGUUR 4.5 sorgvuldig.
- 4.5.1 Definieer die term *oorbevissing*. (1 x 1) (1)
- 4.5.2 Gee TWEE redes wat oorbevissing veroorsaak. (2 x 1) (2)
- 4.5.3 Verskaf TWEE negatiewe gevolge van oorbevissing op mense en die omgewing. (2 x 2) (4)
- 4.5.4 'Die oseane is een van ons grootste hulpbronne vir die lewe.' In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, bespreek die belangrikheid van oseane in mense se lewens. (4 x 2) (8)
- 4.6 Lees die uittreksel in FIGUUR 4.6 noukeurig voordat jy die vrae wat volg, beantwoord.
- 4.6.1 Noem die land wat deur oorstromings in die uittreksel, geraak word. (1 x 1) (1)
- 4.6.2 Watter land is versoek om die geaffekteerde land te help? (1 x 1) (1)
- 4.6.3 Noem die organisasie wat na die oorstroomde gebied ontplooi is om hulp aan mense te bied. (1 x 1) (1)
- 4.6.4 Verduidelik hoekom daar na die huise wat in FIGUUR 4.6 geïllustreer word, as 'informeel' verwys word. (1 x 2) (2)
- 4.6.5 Verskaf TWEE voorbeelde van swak infrastruktuur wat gelei het tot ontoeganklikheid in die gebied wat deur oorstromings geraak word. (2 x 2) (4)
- 4.6.6 Stel DRIE strategieë voor om die impak van oorstromings in die informele nedersetting te verminder. (3 x 2) (6)

[75]**GROOTTOTAAL: 225**



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 10


NOVEMBER 2018

**GEOGRAFIE V1
ADDENDUM**




Hierdie addendum bestaan uit 12 bladsye.

FIGUUR 1.3: OSOON-UITPUTTING



[Bron: Google Images]

FIGUUR 1.4: WOLKTIPE



[Bron: Google Images]


FIGUUR 1.5: AARDBEWING

Op 8 Oktober 2015, het 'n aardbewing wat 7,6 op die Richterskaal gemeet het, die Kashmir-streek van Pakistan getref. Die aardbewing was die gevolg van 'n botsing tussen die Indiese en Eurasiëse plate.




Baie geboue het in die gebied ineengetuimel. 79 000 mense het gesterf. Grondverskuiwings en groot krake het in die grond verskyn. Gebreekte rioolpype het water vergiftig en siektes versprei.

[Aangepas uit Google]

FIGUUR 1.6: STRUKTUUR VAN DIE AARDE


[Bron: Google Images]

FIGUUR 2.2: VERSKYNSELS VAN STOLLINGSINTRUSIES



[Bron: Google Images]

FIGUUR 2.3: REËNVALTIPE



[Bron: Google Images]

FIGUUR 2.4: DROOGTE IN ETHIOPIË**ETHIOPIESE DROOGTE**

10 miljoen mense benodig dringend noodvoedsel. 1,5 miljoen kinders, swanger en borsvoedende vroue benodig aanvullende voeding. 400 000 kinders benodig behandeling vir akute tot uiterste wanvoeding. Twee miljoen mense benodig noodwater, sanitasie en higiëne.



Droogtes kan natuurlik ontstaan of deur mense veroorsaak word. Die natuurlike oorsake van droogtes sluit in hoë temperature, lae reënval, areas wat binnelandse winde ontvang, ens. Menslike oorsake van droogtes sluit in die verwydering van plantegroei, oorbeweiding deur diere, verbranding van fossielbrandstowwe.

[Aangepas uit Google]

FIGUUR 2.5: TSOENAMI**INDIESE OSEAAN TSOENAMI 2004****Primêre effekte van die tsoenami**


- Die golf het in 14 verskillende lande rondom die Indiese Oseaan mense laat sterf, wat 'n totaal van oor die 250 000 behels.
- Die grootste dodetal was op die Indonesiese eiland van Sumatra, waar meer as 130 000 mense gesterf het en meer as 30 000 nog steeds vermis word.
- In Sumatra was meer as 500 000 dakloos gelaat, meer as 80 000 huise verwoes, sowel as ernstige skade aan hawens, skepe, paaie, brûe, hospitale, woude en gewasse wat binne 1 km vanaf die kus was.



- 8 mense het in Suid-Afrika gesterf, wat meer as 8000 km vanaf die episentrum is.
- In Sri Lanka is 'n trein ontspoor deur die krag van die golf, wat meer as 'n 1000 laat sterf het.

[Bron: <http://www.4w.tagplus.com>]

FIGUUR 2.6: LAURASIË EN GONDWANALAND



[Bron: <http://www.zmescience.com/geology/fossilized>]

FIGUUR 3.3: BEVOLKINGSTOENAME IN SUID-AFRIKA**Daar is 800 000 meer mense in Suid-Afrika in 2016**

July Mc Lennon, 1 Julie, 2016

Suid-Afrika het 'n bevolkingsgroei van 800 000 mense volgens Statistiek Suid-Afrika. Dit beteken dat die bevolking met meer as 15 miljoen mense vanaf 1996 gegroei het.

Statistiek Suid-Afrika het 'n gemeenskaplike studie in 2016 vrygestel, waarin dit aantoon dat die land se bevolking 'n totaal van 55,7 miljoen mense bereik het.


Hierdie groei het soos volg vanaf 2001 plaasgevind:

- 2002 – 44,8 miljoen
- 2011 – 51,8 miljoen
- 2015 – 54,9 miljoen

Gauteng met 13,4 miljoen mense het die grootste bevolking en KwaZulu-Natal met 11,1 miljoen is tweede. Dan die Oos-Kaap met 7 miljoen en laaste is die Wes-Kaap met 6,3 miljoen.

Die grootste toename in die bevolking was in die ouderdomsgroep 5–9 jaar, met groei vanaf 4,8 miljoen in 2016.

[Bron: Aangepas uit Google]

FIGUUR 3.4: MIV/VIGS INFEKSIEKOERS PER PROVINSIE

[Source: Google Images]


FIGUUR 3.5: INTERBEKKEN VERPLASING VAN WATER**DIE GARIEP-ORANJE-VIS-SONDAGS INTERBEKKEN VERPLASING VAN WATER**

'n Ingewikkelde kanaal- en tonnelstelsel neem water vanaf die Gariepdam tot die Nelson Mandela Metropolitaanse gebied via die Vis- en Sondagsriviere. Hierdie stelsel verplaas water vanaf die Gariep-Oranjerivierbekken tot in die Vis- en Sondagsrivierbekkens. Hierdie ekstra water word vir besproeiing in die landelike gebiede gebruik, sowel as die stedelike gebiede in die Nelson Mandela Metropolitaanse gebied.

1. Water word deur middel van pypleidings vanaf die Gariepdam tot binne die Visrivierbekken verplaas.
2. 'n Stuwal, Elandsdrift, herlei water vanaf die Groot Visrivier binne-in 'n kanaal en deur 'n tonnel binne-in die Klein Visrivier.
3. 'n Pyplyn neem water binne-in 'n kanaal en in die Darlingtondam op die Sondagsrivier.
4. 'n Pyplyn neem water vanaf die Sondagsrivier tot by die Nelson Mandela Metropolitaanse gebied.

[Bron: Vry vertaal en aangepas uit Google]

FIGUUR 3.6



[Aangepas uit Google]

FIGUUR 4.3: BEVOLKINGSBEWEGING

Mandla Tsitsa (skuilnaam) met sy vrou (Violet) en hulle twee kinders (Phokie en Lazie) het 2016 na Engeland beweeg. Die volgende is hulle redes vir die beweging:


Ek was twee keer oor die hoof gesien vir bevordering omdat die maatskappy waar ek werk 'n regstellende aksie beleid gevolg het. Nadat twee gewapende rooftogte by my huis plaasgevind het, en ons motor gekaap was, het ek besef dat daar geen vooruitsigte vir my en my familie is nie en ons het nie veilig gevoel nie. Ek het begin om na ander opsies te kyk.

Nadat ek begin uitvind het oor ander moontlikhede, het ek ontdek dat daar verskeie opsies vir my in Engeland, as 'n elektriese ingenieur, is. Engeland benodig meer geskoolde mense soos ek. Dit het my nie baie lank geneem om 'n uitstekende werk in Londen te vind nie en hulle was bereid om die hervestigingskoste (selfs vir vier troeteldiere) te betaal. Alle noodsaaklike dokumentasie was ook deur die firma in Engeland hanteer.

Ons kinders kan nou veilig rolskaats, op hulle fietse ry en kan van 'n uitstekende publieke vervoerstelsel gebruik maak. Die weer is nie dieselfde as in Butterworth nie en ons mis ons familie baie, maar as ek alles opweeg, voel ek, Engeland bied beter geleenthede vir die toekoms.


[Vry vertaal en aangepas uit Google]

FIGUUR 4.4: DEMOGRAFIESE OORGANGSMODEL



[Aangepas uit Google]

FIGUUR 4.5



[Aangepas uit Google]

FIGUUR 4.6: OORSTROMINGS**MOSAMBIEK VERSOEK HULP VAN SUID-AFRIKA**

Hoë reënval het riviere en moerasse gevul en 'n groot gebied is oorstrom. Die gevolge van die ramp was so groot dat die weermag ontbied is om mense in sommige gebiede te ontruim.

'n Noodkreet van die Mosambiekse regering is aan Suid-Afrika uitgereik om 'n hand uit te reik. Kaptein Jaco Theunissen het bevestig dat die Mocuba-gebied die ergste deur oorstromings getref is. Die swak padkruisings en lae water brûe is weggespoel, wat die gebied onbereikbaar gemaak het. Dit het dit nodig gemaak om twee Oryx-helikopters, 'n Hercules C-130 vragvliegtuig en mediese personeel van die SA Militêre gesondheidsdiens te ontplooi om die nood wat die mense in hierdie gebied ervaar, te verlig.



Ongeveer meer as 8 000 mense is dakloos gelaat ná uitgebreide oorstromings. Mense wat in die informele nedersetting woon, is die meeste geraak omdat hul boustrukture nie sulke weerverskynsels kan weerstaan nie.

[Vry vertaal en aangepas uit Google]



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 10

NOVEMBER 2018

**GEOGRAFIE V1
NASIENRIGLYN**

PUNTE: 225

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 14 bladsye.

AFDELING A: DIE ATMOSFEER EN GEOMORFOLOGIE**VRAAG 1**

- | | | | | |
|-----|-------|--|---------------|-----|
| 1.1 | 1.1.1 | 15 | | |
| | 1.1.2 | 17 | | |
| | 1.1.3 | Bewolk | | |
| | 1.1.4 | Noordoos | | |
| | 1.1.5 | 25 knope | | |
| | 1.1.6 | Reën | | |
| | 1.1.7 | Versadig met waterdamp | (7 x 1) | (7) |
| 1.2 | 1.2.1 | D (geomorfologie) | | |
| | 1.2.2 | E (verskuiwing) | | |
| | 1.2.3 | B (kors) | | |
| | 1.2.4 | G (kwartsiet) | | |
| | 1.2.5 | C (fossiel) | | |
| | 1.2.6 | H (plooïing) | | |
| | 1.2.7 | F (mantel) | | |
| | 1.2.8 | A (sediment) | (8 x 1) | (8) |
| 1.3 | 1.3.1 | Osoon-uitputting is die vernietiging van osoon sodat gate in die osoonlaag vorm
(Konsep) | (1 x 1) | (1) |
| | 1.3.2 | Stratosfeer | (1 x 1) | (1) |
| | 1.3.3 | Chloorfluoorkoolstof | (1 x 1) | (1) |
| | 1.3.4 | Motors
Steenkool
Fabrieke
Industriële aktiwiteit
CFK's | (Enige 3 x 1) | (3) |

- 1.3.5
- Dit kan velkanker veroorsaak
 - Oogkatarakte
 - Verlaging van immuunstelsels, wat lei tot verhoogde siekte by mense en diere
 - Toename in die voorkoms van malaria (Enige 1 x 2) (2)
- 1.3.6
- Mense moet probeer om produkte te gebruik wat as 'osoonvriendelik' gemerk is.
 - Die Montreal-protokol word gesien as een van die suksesvolste pogings om die uitwerking van osoon-uitputting te verminder
 - Alle CFK's moet vervang word
 - Plant meer bome
 - Gebruik openbare vervoer
 - Internasionaal moet mense hoë hoogtevlugte tot 'n minimum hou, aangesien verbranding in vliegtuig-enjins die hoeveelheid suurstof in die atmosfeer verminder (Enige 4 x 2) (8)
- 1.4
- 1.4.1 A – Kouelug
B – Warmlug (2 x 1) (2)
- 1.4.2 Cumulonimbus wolk (1 x 1) (1)
- 1.4.3 (a) Weerlig (1 x 1) (1)
- (b) Konveksiestrome binne die wolk veroorsaak lig.
Die deeltjies in die wolk word opgelaa.
Positiewe ladings beweeg deur warm lug en negatiewe ladings beweeg afwaarts deur die koue lug
(Enige 2 x 2) (4)
- 1.4.4 **Positiewe impak**
- Donderstorm word deur reënval vergesel.
 - Daar sal genoeg water vir gewasse en diere wees
 - Daar sal genoeg water vir huishoudelike gebruik wees
- Negatiewe impak**
- Swaar reënneerslae kan oorstromings veroorsaak wat tot die vernietiging van infrastruktuur en huise kan lei
 - Die impak van donderstorms op mense kan baie skadelik wees, bv. elektriese skok en selfs sterftes
 - Donderweer kan die omgewing vernietig
 - Dit kan diere seermaak
 - Dit kan plantegroei verbrand (Enige 3 x 2) (6)

- 1.5.1 (a) Aardbewing
- (b) Episentrum (2 x 1) (2)
- 1.5.2 7,6 Richter-skaal
79 000 mense het gesterf (2 x 1) (2)
- 1.5.3 Seismograaf (1 x 1) (1)
- 1.5.4 Aardbewing gebeur naby konvergerende plaatgrense (1 x 2) (2)
- 1.5.5
- Baie geboue het in duie gestort
 - 79 000 mense is dood
 - Gebreekte rioolpype
 - Verspreiding van siektes (Enige 2 x 2) (4)
- 1.5.6
- Daar is 'n gebrek aan vroeë waarskuwingstelsels in minder ontwikkelde lande
 - Geboue is swak gebou en stort maklik ineen
 - Dikwels is daar min planne wat mense inlig oor wat om te doen wanneer 'n aardbewing tref
 - Mense maak staat op hulp van buite, wat 'n lang tyd kan duur om te arriveer
 - Hierdie lande het laer lewenstandaarde (Enige 2 x 2) (4)
- 1.6.1 X – Mantel
Y – Binnekern
Z – Kors (3 x 1) (3)
- 1.6.2
- | LAAG | DIKTE |
|------|------------|
| X | 2900 km |
| Y | 1200 km |
| Z | 5 to 90 km |
- (3 x 1) (3)
- 1.6.3 Daling (1 x 1) (1)
- 1.6.4 (a) Oseaniese kors
- (b) Kontinentale kors (2 x 1) (2)
- 1.6.5
- Laag X word gevorm uit gesteentes wat in 'n warm, dik vloeibare toestand is.
 - Magma het 'n plastiese samestelling/digtheid ('consistency') wat dit toelaat om stadig te beweeg en te vloei. (Enige 1 x 2) (2)
- 1.6.6 Dit is geskik vir geboue
Dit is geskik vir landbou-aktiwiteite (2 x 2) (4)

[75]

VRAAG 2

2.1	2.1.1	D (Suurstof)		
	2.1.2	B (Insolasie)		
	2.1.3	C (Mosambiek)		
	2.1.4	B (Cumulonimbus)		
	2.1.5	B (Isobare)		
	2.1.6	C (Stratosfeer en Termosfeer)		
	2.1.7	D (Gauteng)		
	2.1.8	B (gas)	(8 x 1)	(8)
2.2	2.2.1	A – Batoliet B – Lakkoliet C – Gang D – Plaat	(4 x 1)	(4)
	2.2.2	Erosie van die bogrond		(1)
	2.2.3	E		(1)
	2.2.4	(A) Batoliet	(1 x 1)	(1)
2.3	2.3.1	Frontale reën	(1 x 1)	(1)
	2.3.2	Front	(1 x 1)	(1)
	2.3.3	Warm lug – styging Koue lug – daling	(1 x 1) (1 x 1)	(1) (1)
	2.3.4	(a) Y	(1 x 1)	(1)
		(b) • Stygende lug wat kondensasie en wolke tot gevolg het • Warm lug vir verdamping	(Enige 1 x 2)	(2)
	2.3.5	Positiewe impak • Meer water sal beskikbaar wees vir huishoudelike gebruik • Boerdery sal baat vind		
		Negatiewe impak • Lae temperature • Hoë risiko vir oorstroming • Swak sigbaarheid wat tot ongelukke sal lei • Beskikbaarheid van sneeu • Effek op die ekonomie van die provinsie	(Enige 4 x 2)	(8)

- 2.4 2.4.1 Droogte is 'n lang tydperk met min reënval (**Konsep**) (1 x 1) (1)
- 2.4.2
- Verwydering van plantegroei
 - Oorbeweiding
 - Verbranding van fossielbrandstowwe (Enige 2 x 1) (2)
- 2.4.3
- Voedseltekorte
 - Wan- en ondervoeding
 - Watertekorte
 - Uitbreek van siektes (Enige 2 x 2) (4)
- 2.4.4
- Tekort aan water vir diere
 - Tekort aan water vir plante
 - Vermindering van grondkwaliteit
 - Ontwrigting van die natuurlike ekosisteem (Enige 2 x 2) (4)
- 2.4.5
- Bou damme om water te stoor
 - Wolkvoeding om reënval kunsmatig te verhoog
 - Ontsouting van seewater
 - Wisselbou om grond te beskerm om water te stoor
 - Waterbeperkings
 - Herwinning
 - Herleiding van water om voorsiening te maak vir besproeiing in droogtegebiede
 - Oes van reënwater vanaf dakke
 - Ontwikkeling van volhoubare landboupraktyke
 - Opvoeding van mense om hul houding teenoor watergebruik te verander
 - Verhoog die prys van water om verbruik te verminder (Enige 2 x 2) (4)
- 2.5 2.5.1 Tsoenami is 'n golf water wat geproduseer word wanneer 'n aardbewing onder die see voorkom. (**Konsep**)
Aardbewing is 'n gewelddadige skud van die aardkors wat deur beweging langs 'n verskuiwing veroorsaak word. (**Konsep**) (2 x 1) (2)
- 2.5.2 Sri Lanka
Indonesië (2 x 1) (2)
- 2.5.3 8 mense (1 x 1) (1)
- 2.5.4 Suid-Afrika is ver weg van die episentrum (8 000 km weg). (1 x 2) (2)
- 2.5.5
- Oorlewendes is dakloos gelaat omdat die huise vernietig is
 - Gewasse is vernietig wat tot voedseltekorte gelei het
 - Swak infrastruktuur soos paaie en brûe het in duie gestort
 - Geen gesondheidsorgfasiliteite
 - Besighede is beïnvloed sodat baie oorlewendes hulle werk verloor het. (Enige 2 x 2) (4)

	2.5.6	• Bou spesiaal versterkte geboue • Voed mense op • Om rampvoorraad voorhande te hê • Vroeë waarskuwings moet uitgereik word	(Enige 2 x 2)	(4)
2.6	2.6.1	Plaattektoniek is die teorie van die vorming en beweging van die plate wat die aardkors vorm. (Konsep)	(1 x 1)	(1)
	2.6.2	kontinentale drywing	(1 x 1)	(1)
	2.6.3	Afrika	(1 x 1)	(1)
	2.6.4	(a) Europa Noord-Amerika	(2 x 1)	(2)
		(b) Suid-Amerika Afrika Antarktika Asië	(Enige 3 x 1)	(3)
	2.6.5	Pangea	(1 x 1)	(1)
	2.6.6	• Gesteentes van soortgelyke tipe • Die vastelande pas soos 'n legkaart saam • Fossiele van soortgelyke reptiele is ook gevind • Plooibergstelsels • Die Skeurvallei • Gletsers wat groot dele van die vastelande bedek het	(Enige 3 x 2)	(6)
[75]				

AFDELING B: BEVOLKING EN WATERHULPBRONNE**VRAAG 3**

- | | | | | |
|-----|-------|--|---------------|-----|
| 3.1 | 3.1.1 | Reënvalverspreiding | | |
| | 3.1.2 | vries | | |
| | 3.1.3 | Ontsooting | | |
| | 3.1.4 | transpirasie | | |
| | 3.1.5 | Infiltrasie | | |
| | 3.1.6 | oseane | | |
| | 3.1.7 | Mariene besoedeling | (7 x 1) | (7) |
| | 3.2.1 | D | | |
| | 3.2.2 | E | | |
| | 3.2.3 | B | | |
| | 3.2.4 | H | | |
| | 3.2.5 | C | | |
| | 3.2.6 | G | | |
| | 3.2.7 | A | | |
| | 3.2.8 | I | (8 x 1) | (8) |
| 3.3 | 3.3.1 | Bevolking is die totale getal mense binne 'n gegewe gebied | (1 x 1) | (1) |
| | 3.3.2 | 2002 = 44,8 miljoen
2016 = 54,9 miljoen | (2 x 1) | (2) |
| | 3.3.3 | Laagste – Wes-Kaap (6,3 miljoen)
Hoogste – Gauteng (13,4 miljoen) | (2 x 1) | (2) |
| | 3.3.4 | Vanaf 2002 tot 2016 het die bevolking van Suid-Afrika toegeneem | (1 x 2) | (2) |
| | 3.3.5 | <ul style="list-style-type: none"> Die vraag na water styg met 'n groeiende bevolking Namate die bevolking toeneem, verminder die beskikbare gewasland Oorspronklike woude het verdwyn. Voedseltekorte | (Enige 2 x 2) | (4) |

3.3.6	• Praktyk van geboortebepierking • Beskikbaarheid van voorbehoeding • Sterilisasie • Gesinsbeplanning • Mense kan opgevoed word oor die probleme van bevolkingsgroei • Moedig aborsie aan	(Enige 2 x 2)	(4)	
3.4	3.4.1	Verworwe immuniteitsgebreksindroom	(1 x 1)	(1)
	3.4.2	Hoogste – KwaZulu-Natal (14,9%) Laagste – Wes-Kaap (5,1%)	(2 x 1)	(2)
	3.4.3	• Gereelde koors en sweet • Gebrek aan energie • Geswelde limfknope • Aanhoudende veluitslag • Aanhoudende of gereelde gisinfeksies (orale of vaginale) • Pelviese inflammatoriese siekte by vroue wat nie beter met behandeling word nie.	(Enige 2 x 1)	(2)
	3.4.4	• Suid-Afrika het meer mense wat met MIV leef as enige ander land in die wêreld. • Die aantal MIV-positiewe mense in 2009 is op 5,6 miljoen beraam	(Enige 1 x 2)	(2)
	3.4.5	• MIV word versprei deur liggaamsvloeistowwe soos bloed, sperma, vaginale vloeistowwe en borsvoeding • Deur onbeskermde seks • Gedurende swangerskap • Gedurende geboorte • Hergebruik en deel van naalde	(Enige 2 x 2)	(4)
	3.4.6	• Motiveer mense om hul negatiewe houding, idees en gedrag teenoor mense met MIV en Vigs te verander • Maak mense meer bewus van wat 'n stigma is en gee hulle die kennis en vaardighede om dit te verminder • Spreek die vrese en wanopvattinge oor MIV-oordrag aan • Bespreek taboe-onderwerpe soos geslag, geweld, seksualiteit, seks en dwelmgebruik • Verskaf vaardighede om die stigma uit te daag en mense se gedrag te verander.	(Enige 2 x 2)	(4)
3.5	3.5.1	Wateroordrag is die beweging van water van een gebied na 'n ander	(1 x 1)	(1)
	3.5.2	Nelson Mandela Metropolitaanse Munisipaliteit Oos-Kaap	(2 x 2)	(2)

- 3.5.3
- Water word vir besproeiing gebruik
 - Verskaffing van stedelike sentrums in die Nelson Mandela Metropolitaanse gebied (2 x 1) (2)
- 3.5.4
- Water word van die Gariepdam na die Groot Visrivierkom deur middel van pypleidings gebring
 - 'n Stu-wal Elandsdrift lei water van die Groot Visrivier af na 'n kanaal en deur 'n tunnel tot in die Klein Visrivier
 - 'n Pyplyn lei water tot in 'n kanaal na die Darlingtondam op die Sondagsrivier. (2 x 2) (4)
- 3.5.5
- Menslike faktore**
- Die bevolking styg
 - Kommersiële boere gebruik meer water vir besproeiing
 - Verstedeliking
 - Onbehandelde afvalwater
 - Myne en fabrieke gebruik baie water
 - Besoedeling van waterbronne
- Fisiese faktore**
- Reënval word nie eweredig in Suid-Afrika versprei nie
 - Uitheemse plantegroei verbruik meer water
 - Klimaatverandering (Enige 3 x 2) (6)
- 3.6
- 3.6.1 Hidro-elektrisiteit (1 x 1) (1)
- 3.6.2 Hernubaar (1 x 1) (1)
- 3.6.3 Dit word gebruik om elektrisiteit op te wek (1 x 1) (1)
- 3.6.4
- Huishoudelike gebruik ('n voorbeeld van huishoudelike gebruik word aanvaar)
 - Gebruik vir landbou-aktiwiteite (2 x 1) (2)
- 3.6.5
- Die beskikbaarheid van grondwater help om hoë verdampingshoeveelhede te vervang
 - Mense kan hierdie grondwatertoevoer deur putte en boorgate bekom
 - Op die oomblik word meer as 2 000 m³ water daaglik deur die boorgate uit die grond verwyder (Enige 1 x 2) (2)

3.6.6 In die huis

- Draai krane toe wanneer die water nie gebruik word nie
- Herstel druppende krane en lekkasies
- Gebruik waterbesparende stortkoppe
- Spoel toilette minder gereeld
- Stort eerder en bad minder
- Hergebruik vuil water vir die skoonmaak van bv. Was van motors of vloere

In die tuin

- Gebruik 'n waterkan in plaas van 'n tuinslang
- Versamel reënwater vanaf die dak
- Gebruik badwater om groente nat te maak
- Maak plante in die aand nat

In die gemeenskap

- Rapporteer lekkende pype aan die munisipaliteit
- Verwyder uitheemse plante
- Onderrig ander om water volhoubaar te gebruik

(Enige 4 x 2)

(8)

[75]

VRAAG 4

- | | | | | |
|-----|-------|---|---------------|-----|
| 4.1 | 4.1.1 | Stootfaktor | | |
| | 4.1.2 | Vrywillig | | |
| | 4.1.3 | Immigrant | | |
| | 4.1.4 | Vlugteling | | |
| | 4.1.5 | Xenofobie | | |
| | 4.1.6 | Emigrasie | | |
| | 4.1.7 | Trekfaktor | (7 x 1) | (7) |
| 4.2 | 4.2.1 | Oseane | | |
| | 4.2.2 | Laedruk | | |
| | 4.2.3 | Hoë druk | | |
| | 4.2.4 | Vogtig | | |
| | 4.2.5 | Wolke | | |
| | 4.2.6 | Reënval | | |
| | 4.2.7 | Oppervlakaflow | | |
| | 4.2.8 | Styging | (8 x 1) | (8) |
| 4.3 | 4.3.1 | Migrasie | | (1) |
| | 4.3.2 | (a) Internasionaal | | |
| | | (b) Vrywillig | | |
| | | (c) Tydelik | (3 x 1) | (3) |
| | 4.3.3 | <ul style="list-style-type: none"> Hy soek beter werksgeleenthede Hy voel nie veilig in Suid-Afrika nie | (Enige 1 x 1) | (1) |
| | 4.3.4 | <ul style="list-style-type: none"> Beter werksgeleenthede Beter lewenstandaard Veiligheid | (Enige 2 x 2) | (4) |

- 4.3.5
- Migrasie verhoog vaardigheidstekorte in Suid-Afrika
 - Brein dreinerings ('brain drain')
 - Dit laat slegs ouer mense in Suid-Afrika agter
 - Daar is minder geld om plaaslike besighede te ondersteun omdat baie mense die land verlaat
 - Bevolking daal dus plaaslike owerhede vind dit te duur om skole, klinieke en ander dienste in stand te hou
- (Enige 3 x 2) (6)
- 4.4 4.4.1 Demografiese oorgangsmodel is 'n model wat verduidelik hoe die land se bevolking oor tyd verander.
(Konsep)
- (1 x 1) (1)
- 4.4.2 Fase 2
- (1 x 1) (1)
- 4.4.3 Fase 4
- (1 x 1) (1)
- 4.4.4 Geboortekoers en sterftekoers in fase 1 is hoog
- (1 x 2) (2)
- 4.4.5
- Verbeterde mediese dienste
 - Beter dieet
 - Beter dienste en infrastruktuur
 - Minder oorloë
 - Beter lewensgehalte
- (Enige 2 x 2) (4)
- 4.4.6
- Die beskikbaarheid van voorbehoeding
 - Die status van vroue
 - Onderwys
 - Werkseleenthede
 - Mediese sorg
 - Kultuur en tradisie
 - Geloof
 - Die ouderdom van trou
 - Poligamie
 - Politieke stelsel
- (Enige 3 x 2) (6)
- 4.5 4.5.1 Oorbevissing om vis vinniger te vang as wat hulle kan voortplant en sodoende die visbronne geleidelik te verminder.
(Konsep)
- (1 x 1) (1)
- 4.5.2
- Meer mense en maatskappye vang visse in die wêreld se oseane
 - Die gebrek aan ander werkseleenthede in kusstreek dwing mense om te oorleef deur vis te vang
 - Vistegnologie het aansienlik verbeter, wat veroorsaak dat meer vis gevang word
 - Gebrek aan wette om die hoeveelheid visse wat toegelaat word om te vang, te beheer
- (Enige 2 x 2) (2)

4.5.3	• Oorbevissing verminder die hoeveelheid kos wat beskikbaar is vir mense om te eet • Oorbevissing van een spesie affekteer baie ander spesies • 'n Afname in visvoorrade lei tot werksverliese en swaarkry.	(Enige 2 x 2)	(4)
4.5.4	• Die oseane bevat groot hoeveelhede suurstof • Seewier word deur mense as voedsel gebruik • Daar is olie- en gasvelde in baie oseane • Oseaan kan gety- en golfenergie verskaf • Oseaanvervoer is een van die mees bekostigbare vorme van vervoer • Mense gebruik oseane vir toerisme en vakansies • Oseane beïnvloed ons klimaat en temperatuur	(Enige 4 x 2)	(8)
4.6	4.6.1 Mosambiek	(1 x 1)	(1)
	4.6.2 Suid-Afrika	(1 x 1)	(1)
	4.6.3 SA Militêre Gesondheidsdienste	(1 x 1)	(1)
	4.6.4 • Huise word uit plastiek, hout, sink, ens. gebou • Baie digte behuising met onbeplande straatpatrone.	(Enige 1 x 2)	(2)
	4.6.5 • Swak padkruisings is weggespoel • Lae brûe is weggespoel, wat die gebied onbereikbaar gemaak het (ontoeganklik)	(2 x 2)	(4)
	4.6.6 • Voorsiening van formele behuising in ander gebiede • Hervestiging van geboue binne nedersettings • Voorkom die bou van huise in gebiede met 'n hoë risiko vir oorstroming • Verbeter die ontwerp van huise • Installering en instandhouding van dreinerings • Die ontwerp van rampplanne om 'n vloedsituasie te hanteer wanneer dit gebeur • Opvoeding van mense oor vloedgevaar	(Enige 3 x 2)	(6)
			[75]

GROOTTOTAAL: 225